Die Werk en die Weg van die Kruis

Soms word ’n wanbegrip van die Christelike lewe geskep deur die manier wat die Evangelie verkondig word. Nuwe bekeerlinge word dikwels onder die indruk gebring dat omdat hulle Jesus as Saligmaker aangeneem het, al hul probleme outomaties sal verdwyn. Ontnugtering tree gewoonlik in as dit nie gebeur nie! Wat in ’n groot mate tot hierdie wanopvatting bydrae, is die onkunde in verband met die rol wat die bloed en die kruis in die verlossingsboodskap speel. Die hoofdoel van die bloed van Jesus is om die sondeskuld van die belydende sondaar te betaal om sodoende versoening tussen God en die nuwe bekeerling te bewerkstellig. Dit maak gemeenskap met die Hemelse Vader moontlik en na die dood, gee dit toegang tot die ewige lewe. In terme van die ewigheid maak die bloed die hemel jou huis, maar dit maak nie noodwendig jou huis hier op aarde hemel nie! Om jou aardse huis in orde te kry, verg die uitleef van God se rentmeesterskapbeginsels. Die uitwerk van jou eie welsyn betreffende sekere probleme in jou lewe word dikwels in prediking onderbeklemtoon. Paulus, daarenteen, maan gelowiges:

> *“Daarom, my geliefdes...werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae”* **(Fil.2:12-13).**

Omdat gelowiges hier aangespreek word, verwys die heil, of saligheid wat uitgewerk moet word, nie na die hemel nie, want dit het die bloed reeds bewerkstellig, maar na die ervaring van **vrede, blydskap en doen wat reg is hier op aarde (Rom.14:17).** Om dít hier op aarde te ervaar, verg dat radikale stappe soms geneem moet word om sekere situasies te verander. Jesus stel dit so:

> *“En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie”* **(Matt. 5:30).**

Ongelukkig word Jesus dikwels in Evangelieprediking, as ’n hemelse oplosser van alle menslike probleme voorgestel – al wat gedoen moet word, is om Hom net aan te neem. Dit moet toegegee word dat omdat God genadig is en opregte bedoelinge eer, Hy soms radikaal in die lewenssituasies van party mense ingryp. Ongelukkig word baie probleme in die lewe veroorsaak deur ongehoorsaamheid aan sekere Bybelse beginsels en bekering beteken juis dat daar ’n voorneme moet wees dat, nadat Hy as Saligmaker aangeneem is, om Jesus se leringe te gehoorsaam. Zodhiates verklaar die betekenis van die Griekse woord *lambano* (*aanneem)* in **Joh.1:12,** *“ Maar almal wat Hom* ***aangeneem*** *het...”,* so:

> ***“Metaphorically of a teacher, to receive, acknowledge, embrace and follow his instructions, his doctrine, to embrace...”***

Nick Maartens, 0827826074, www.nickmaartens.co.za